# Sing 'n lied oor moed

**Lees Psalm 27:6.** Dawid was lief vir musiek en hy het dikwels loofliedere tot Jehovah gesing. Baie van daardie liedere het hom gehelp om moedig te wees. Om te sing kan jou ook help om moed te hê!

Lees die woorde van die lied "Gee ons vrymoedigheid, Heer." Watter redes het ons volgens hierdie lied om moed te hê? Probeer om die lied uit jou kop uit te leer en oefen dit dan saam met jou gesin.

VOU



LIED 73

## Gee ons vrymoedigheid, Heer

(Handelinge 4:29)

1. Van u Koninkryk getuig ons,
en verkondig u groot naam.
Daar is baie wat ons teëstaan
en wat planne wil beraam.
Maar ons wil nie mense vrees;
ons is gehoorsaam aan u wet.
Vir u gees smeek ons dus aanhoudend;
o Jehovah, hoor ons gebed.

(REFREIN)

Gee vrymoedigheid aan ons, Heer,
om te doen net wat u vra.
Gee ons moed en die vertroue
om u boodskap uit te dra.
Armageddon lê vir ons voor;
daar is min tyd vir mense oor.
Gee vrymoedigheid aan ons, Heer.
Dis ons gebed.

2. Daar is tye dat ons bang voel;
ons is stof, dit weet u goed.
Maar ons weet u sal ons bystaan,
dit gee ons geloof en moed.
As vervolgers ons dan dreig,
sal ons met moed van u bly spreek.
Met u hulp sal ons altyd voortgaan
om getrou in u naam te preek.

(REFREIN)



www.jw.org/af © 2016 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania